



APIESRIVIER LANDELIKE BRAND BESKERMINGS VERENIGING
Posbus 910-631, Pyramid, 0120 Hoewe 5, Roete 101, Waterval Selnommer: 084 952 2882

**NOTULE VAN ALGEMENE JAARVERGADERING VAN APIESRIVIER LANDELIKE BBV WAT
OP 21 JUNIE 2014 OM 14:00 GEHOU IS, PB ALGEMENE HANDELAARS, VASTFONTEIN.**

1. OPENING EN VERWELKOMING

Peet Dorfling open die vergadering deur skriflesing en gebed. Daarna heet hy almal teenwoordig welkom en versoek dat almal die presensielys voltooi. Voorsitter vra dat die persone wat brand-opleiding en noodhulp-opleiding wil kry, dit net op die presensielys moet aandui.

2. TEENWOORDIG

Soos per presensielys.

3. VERSKONINGS

Chris & Noreen Schutte (per epos)	-	Grootvlei
Pieter en Ansia de Beer	-	Waterval
Jan Bossart	-	Bultfontein
Swannie Swanepoel	-	Waterval
Paddy & Leandra de Vries	-	Vastfontein
Jörg & Lenie Schulz	-	Waterval
Jan-Piet Cooks	-	Vastfontein

4. LIEF EN LEED

Geboortes

- Dogtertjie vir Eric en Janelda Gough (O72) is gebore.
- Peet (A1) en Ans Dorfling (O16) gaan oupa en ouma word.
- Christo (B1) en Rika (O20) Ayres het Oupa en Ouma geword.

Huwelike

- Aljoh & Felicia Koops (O18) is getroud.

Siekte

- Henk Koops (17) was ernstig siek gewees.
- Cemal Asti is aangeval en in die hospitaal opgeneem.
- Pieter Swart (O4) het 'n knie operasie gehad.
- Theunie (B4) en Marietjie (O10) du Buisson se baba was in die hospitaal.
- Gaan baie beter met Ruth de Jager (O27).

Sterftes

- Bernie Smith (Bultfontein) se seun is oorlede in 'n vliegtuig-ongeluk.
- Johan Janse van Rensburg (Kromdraai) is in 'n motorongeluk oorlede.
- Swannie Swanepoel (O50) se suster is oorlede.

5. GOEDKEURING VAN VORIGE NOTULE

Die notule van 16 November 2013 word voorgehou aan die lede teenwoordig. Dit word as gelese beskou deur die lede teenwoordig. Chris Breedt (B2) keur die notule goed en Christo Ayres (B1) sekondeer die goedkeuring.

6. VASSTELLING VAN AGENDA

Die agenda word soos volg vasgestel:

- Opening en verwelkoming
- Presensielys
- Verskonings
- Lief en Leed
- Goedkeuring van vorige notule
- Vasstelling van die agenda
- Voorsittersverslag
- Finansies
 - Noodfonds
 - Aankoop van voertuig
 - Honorarium
- Logistiek (Toerusting)
- Kommunikasie
- Struktuur
- Lidmaatskap
- Brande
- Noodhulp
- Ander sake
 - Artikel 21 Maatskappy
 - WOF
 - GUFPA
- Korrespondensie
- Ontwikkelings
- Nuwe sake
 - Wysiging van die grondwet
- Vrae en afsluiting

7. SAKE VOORTSPRUITEND

7.1 Voorsittersverslag (Peet Dorfling)

- Naam van vereniging:

Apiesrivier Landelike Brand Beskermings Vereniging

- Datum van registrasie en registrasie no:

27 Maart 2006

Reg. No – 1743/01

- Grootte van gebied:

34 000 ha

- Grense:

Noord: Net voor Hammanskraal
Suid: Pyramid-Suid spoorlyn
Oos: N1 Snelweg
Wes: Mabopane Snelweg

Aansoek is gedoen om die grense te skuif.

- Nuwe grense:

Noord: Net voor Hammanskraal en Hammanskraal grondpad
Suid: N4 Snelweg & Rosslynpad
Oos: Wallmannsthal grondpad
Wes: Mabopane Snelweg

- Die bestuur bestaan tans uit die volgende lede:

Uitvoerende Komitee:	Voorsitter (Alpha 1):	Peet Dorfling
	Onder Voorsitter (Alpha 2):	Cobus Kramer
	Sekretaresse (Alpha 3):	Karen Kramer
	Tesourier (Alpha 4):	Joey Gerber
	Addisionele lid (Alpha 5):	Eugene J v Rensburg
	Brand Beskermings Offisier:	Japie Lengoabala

Bree Bestuur:	Brandhoof (Bravo 1):	Christo Ayres
	Noodhulphoof (Bravo 2):	Chris Breedt
	Logistiekehoof (Bravo 3):	Jan de Jager
	Kommunikasiehoof (Bravo 4):	Theunie du Buisson

Administrasie en Koordinering:	(Charlie 1):	Tarien Cooks
	(Charlie 2):	Ansia de Beer

- Tshwane Stadsraad se bydrae:

2 x 1000L waterkarretjies
4 x 500L waterkarretjies
2 x Jerry kanne (20L) vir addisionele brandstof vir enjins
Onderhoud van toerusting

Goeie samewerking tussen die BBV en Tshwane Brandweer se Operasionele Afdeling.

Tshwane het 2 x 1 ton bakkies + 1 brandkarretjie terug geneem en afgeskryf. Die BBV het verskeie vergaderings met Tshwane gehad, om die voertuie te probeer terug kry of terug koop, sonder enige sukses. Tshwane vra dat die BBV 'n begroting moet indien sodat daar op die GOP (Geïntegreerde ontwikkelingsplan) van die Stadsraad addisioneel begroot kan word vir fondse vir die BBV. Daar moet ook eers toestemming vanaf die MMC (Mun. Mayrol Committee) verkry word dat die voertuie aan die BBV's geskenk kan word. Die BBV beplan om 'n regsmeening in te win want Tshwane Stadsraad is 'n verpligte lid van die BBV en die ooreenkoms was dat hulle toerusting sal verskaf in ruil vir hulle ledegeld. Hulle kom nie hulle deel van die ooreenkoms na nie.

- Hoogtepunte

Toerusting, wat die BBV se eiendom is, is deur die gebied versprei. Dit is deur die BBV self aangekoop. Die idee van die BBV is om die BBV so ver moontlik self toe te rus. Dit is 'n voortdurende taak van die Bestuur en lede om te help met die bewusmaking van brande. Vordering is gemaak sedert 2006 – voorbrande gesny en geskoffel. Vrugte wat nou reeds gepluk word. Bestryding en koördinering van brande is baie goed en word vinnig aangemeld en deurgegee. Brandpermitte is baie belangrik – aangesien daar 'n algehele brandverbod vanaf Meimaand tot Septembermaand is, moet daar aansoek gedoen word vir 'n brand permit as daar enige iets gebrand gaan word, bv voorbrande. Die Brand gevaar indeks word ook gereeld aan lede sowel as nie-lede deurgegee.

- Uitdagings

Baie lede in die gebied is nie paraat nie. Daar word gebrand sonder dat die nodige beveiliging getref word. Baie mense dra ook nie kennis van Wet 101 van 1998 nie. Geen wetstoepassing deur SAPD en Metro Polisie nie – Brandweer word gevra om mense wat jaarliks probleme veroorsaak, te gaan waarsku. Dit help tog in 'n mate. Geen ongevalle en Regsdekking vir ons lede nie. Ons is nog nie op 'n amptelike basis geregistreer nie, sodat hulle regsdekking kan kry nie. Lede wat brande blus, kry geen vergoeding nie, dis 'n vrywillige taak. Lede verwag van die Bestuur om brande te blus. In die verlede het ons voertuie gehad, en dit het lede onder die indruk gebring dat die BBV brande moet blus. Die primere funksie is om die brande te koördineer en dat lede toegang het tot brandtoerusting. Alles meer is 'n bonus. Een groot voordeel is dat lede deur die wet beskerm word. As daar op 'n lid se perseel 'n brand sou ontstaan, word dit aanvaar dat die lid nie nalatig was nie, tensy die teendeel bewys kan word. As daar op 'n nie-lid se perseel 'n brand sou ontstaan, word aanvaar die nie-lid was nalatig tensy die teendeel bewys kan word. Die stadsraad onderneem, dat indien hulle sou uitkom na 'n brand by 'n lid se perseel, hulle nie rekenings sal uitstuur vir lede

- Brande van 1 April 2012 – 31 Maart 2013

Veldbrande: 1 April 2012 – 31 Maart 2013 = 554
1 April 2013 – 31 Maart 2014 = 358

Ander brande: 2013 - 1 x Huis wat gebrand het tydens 'n veldbrand – Grootvlei

7.2 Finansies (Joey Gerber)

- Finansiëlestate 1 April 2013 – 31 Maart 2014

Inkomste: R136 493
Uitgawes: R 78 791

- Aantal lede

296

- Ledegeld

0 – 50ha = R270-00 per jaar
50ha > = R22-50 / ha / jaar
Enmalige admin fooi = R50-00

Tot einde Mei 2014 het 120 lede reeds betaal. Rekeningstate is wel uitgestuur. Al die adresse is nie reg nie, maak asb seker jou besonderhede is korrek. Indien lede geld nie betaal word nie, is die lid nie meer 'n lid nie en word die lid se inligting afgehaal van die BBV se data-basis.

- Skrywe – Pieter de Beer

Voorsitter lees die skrywe van Pieter de Beer voor:

Geagte BBV Bestuur

Baie Dankie vir die vergunning wat gemaak was om die state aan my beskikbaar te maak voor die vergadering. Ek versoek dat hierdie epos vir die vergadering gelees word, sodat dit genotuleer kan word. Ek vra verskoning vir my afwesigheid.

Eerstens wil ek graag Mev Gerber bedank vir al haar moeite met die hantering van die BBV se finansiële sake. Ek persoonlik is baie bly om te sien dat Mev. Gerber die telefoon-onkoste met 41% kon besnoei. Dit is vir my 'n baie goeie gebeurtenis aangesien die besnoeiing genoegsaam is om ten minste 1 addisionele "bakkie sakkie" of waentjie te kan bekostig, wat die lede baie meer ten gunste sal wees in vergelyking met ure op 'n telefoon.

Tweedens wil ek vra dat dit in die vergadering bekend gemaak word, hoeveel van die bedrag wat tans wys as balans in die bank rekening, soos in balansstaat, gekoppel is aan die noodfonds? Soos bespreek op vorige vergaderings.

Ten laaste, op die laaste vergadering, as ek reg onthou, was daar ook besluit om die noodfonds te hou en indien daar genoegsame fondse is, 'n voertuig aan te skaf met daardie fondse. Ek is van mening dat die fondse beter gebruik kan word om verskeie water-waentjies aan te skaf, wat dan meer doeltreffend gebruik kan word as vir net een voertuig. Dit is duidelik in vorige boekjare waar ons wel voertuie gehad het, dat die instandhouding van daardie voertuie 'n reuse bedrag beloop het. Dus sal instandhouding op 'n voertuig weereens aansienlik meer wees as die van 'n waentjie. Dus wil ek vra dat daar asseblief weer na die opsies gekyk word en dat die aankoop van 'n voertuig her-oorweeg word.

*Baie Dankie
Pieter de Beer*

Besparing op die selfoon

Joey Gerber noem die rede vir besparing op die telefoon is dat die lede gewoon was dat Tarien Cooks namens hulle gewoonlik die Brandweer bel en die Polisie bel. Dit word nie meer gedoen nie.

Noodfonds

Die gedagte het ontstaan vir 'n noodfonds. Dis by 'n vorige vergadering besluit dat daar jaarliks R10 000 in die noodfonds oorbetal word. Eugene Janse van Rensburg stel voor dat die besluit herroep word. Dit help nie dat die BBV jaarliks geld in 'n noodfonds moet betaal, maar hulle het nie die fondse om die Vereniging te bedryf nie. Daar moet dalk gekyk word dat net 'n persentasie van die BBV se inkomste bewillig moet word vir die noodfonds. Hy stel ook voor dat die noodfonds se "grondwet en reëls en regulasies" eers geskryf moet word, daar moet bepaal word waarvoor die fond aangewend gaan word. 'n Kreteria moet bepaal word hoe die fonds bestuur gaan word. Die Bestuur moet die mandaat gegee word om te besluit hoe om die fonds te befonds en te bestuur. Eugene vra dat die Vergadering die Bestuur toestemming gee om eers navorsing te gaan doen en dan met die volgende vergadering, 'n voorlegging te doen. Die Voorsitter noem dat die lede nie meer lede-geld gaan betaal nie, 'n persentasie van die lede-geld sal daarvoor aangewend word. Voorstelle gemaak word aanvaar.

Aankoop van 'n voertuig

Die BBV poog om 'n eie voertuig aan te koop. Die BBV het reeds begin met 'n voertuig fonds. Daar is wel op verlede jaar se Jaarvergadering genoem dat indien daar genoeg geld in die fonds is om 'n voertuig aan te koop, kan daar 'n spesiale vergadering belê word om die saak te hanteer. Met die Ark-dae word gepoog om ekstra geld te maak om dit dalk gouer moontlik te maak. Ons het nog 3 ark-beurte oor, Tarien Cooks vra dat die lede dit asb moet kom ondersteun. Eugne Janse van Rensburg noem dat ons ons self moet toerus. Maak die mense om jou betrokke, kry die bure dat hulle aansluit.

Onderhoudskoste

Pieter der Beer noem in sy skrywe dat daar baie geld spandeer is aan onderhoud van voertuie. In die verlede het ons 2 voertuie van die Tshwane Stadsraad gehad. Ons het dit self onderhou, die onderhoud was hoog want die voertuie was oud. Die BBV kon nie die voertuie instuur om herstel te word nie, want dan sou ons dit nooit terug gekry het nie.

7.3 Logistiek / Toerusting (Jan de Jager)

- Logistiek

Toerusting is as volg uitgeplaas:

Johan Rossouw	(D61)	Jakarandastraat	Grys Waentjie	500 Liter
Jenny Dawson		Bultfontein Suid	Blou karretjie	
Tarien Cooks	(C1 / O2)	Vastfontein2	Rooikarretjie	
Christo Ayres	(B1 / O20)	Lusthof / Bultfontein-Noord	Hoë druk	1000 Liter
Solly Brits		Vastfontein	Stadsraad	1000 Liter
Didi van Heerden		Mont Lorrain / Grootvlei-Wes	Apies BBV No 4 LNJ934GP	
Peet Dorfling	(A1 / O16)	Waterval 191		500 Liter
Gert vd Walt		Honingnestkrans	Apies BBV No 3	500 Liter
Cobus Kramer	(A2 / A3)	Waterval	Ekstra eenheid	500 Liter

Derik Botha	(O32)	Waterval		500 Liter
Christo Ayres	(B1 / O20)	Vastfontein		500 Liter
			Kan uitgeplaas word	500 Liter

Saam met eenhede gaan 2 brand-slaners en 1 rugsakspuit asook skuim.

Brandkarretjies **MAG NIE** sonder die wete van die Bestuur geskuif word nie. Slegs lede van die BBV het toegang tot die gebruik van toerusting. Daar moet boek gehou word van waarheen die toerusting gaan, waar die brande geblus is. Omdat ons die Stadsraad se brandstof gebruik, moet die BBV rekenskap kan gee waar die brandstof gebruik is. Die BBV gaan rekenings uitstuur aan die nie-lede waar brande geblus is.

- Rapporteer van gebreke

Lede wat die toerusting van die BBV gebruik moet Jan de Jager laat weet indien daar enige skade of gebreke aan die toerusting is sodat dit geboekstaaf kan word en die toerusting herstel kan word.

7.4 Kommunikasie

- ICASA

BBV het 4 privaat frekwensies

Indien lede 'n roepsein wil bekom, moet hulle eers hulle lede-geld betaal voordat 'n roepsein toegeken kan word. Indien 'n persoon 'n roepsein het, maar nie aktief is nie, verloor hy die roepsein. Indien hy later weer aktief wil raak, sal hy 'n nuwe roepsein ontvang.

Icasa doen inspeksie na die radio-gebruik. Net belangrike sake moet bespreek en genoem word. Berigte wat uitgesaai word, moet waar en juis wees. Geen sosiale gesels moet plaas vind nie, ons stel die BBV se lisensie in gevaar.

- Roepseine

Totaal van 193 roepseine.

Theunie Du Buisson en Tarien Cooks moet gekontak word wanneer 'n lid 'n roepsein benodig.

Alpha Stasies	-	Bestuur
Bravo Stasies	-	Breë Bestuur
Charlie Stasies	-	Admin & Koördinerings
Oscar Stasies	-	Lede
Delta Stasies	-	Lede

Nie alle lede is radio-aktief nie, en die Bestuur versoek dat meer lede betrokke raak met die radio-toetse. Tarien Cooks bedank die persone wat wel help met die radio-toetse.

7.5 Struktuur (Tarien Cooks)

- Operasionele plan

Die operasionele plan is volgens die Besigheidsplan opgestel. Die BBV is meer aangewese op homself.

- Koördinerings van brande

Meer nie-lede raak betrokke om brande te blus. Tydens die blus van brande moet daar dissipline en beheer wees. Die landelike areas val in Tshwane Metro se D-sone. Reaksie tyd is minimum 27 minute tot op die toneel. Die brandweer se waterpomper en watertanker kan nie die pad verlaat nie, m.a.w kan nie brande in die veld blus nie. Hulle voorsien water aan veld voertuie. Slegs die Brandweer se Land Cruisers kan in die veld beweeg. Wanneer die Brandweer op toneel kom, neem die Brandweer bevel en verantwoordelikheid oor. Moenie die brandweer se werk probeer doen nie, wag tot hulle jou taak. Maak asb seker dat julle persele toeganklik is vir brandvoertuie. Maak seker bome is gesny. Hekke moet groot genoeg wees vir brandvoertuie om in te kom.

Indien daar komplimente of klagtes oor die Brandweer-personeel is, moet dit op skrif aan die Bestuur gestuur word. Die voertuig se registrasienommer en vlootnommer moet gemeld word.

- Prosedure in geval van brand

- Brand ontstaan.
- Rapporteer brand aan Tarien Cooks (C1) Brandfoon nr: 0849522882
- Tarien Cooks sal Brandweer in kennis stel.
- Indien BBV lede beskikbaar is om te help, word daar gevra of hulle kan gaan help.
- Geaktiveerde partye se aksies by brand word deur 1 persoon gekoördineer.
- Partye gaan brandlyn na en maak seker alle vure is dood.
- Stel Tarien Cooks in kennis dat brand geblus is. Brandfoon nr: 0849522882

- Opleiding (Tarien Cooks)

2013/2014

Geen noodhulp-opleiding is gedoen nie.

2014

Veldbrand-, Noodhulp en Radio Spraak Prosedure. Lede sal op hoogte gehou word. Brand-opleiding sal deur Chris Breedts aangebied word.

7.6 Lidmaatskap

- Opdatering van kontak inligting

Lede word versoek om hulle inligting op te dateer indien dit verander het. Maak seker die selnommer wat op die lede lys is, is korrek. Ons maak gebruik van 'n

sms-stelsel wat deur Pieter de Beer gedoen word, inligting word so aan lede gestuur.

- Reserviste

Lede wat belangstel om Brandweer Reserviste te word moet dit asseblief aandui op die presensielys. Lede kan ook hulle name deur gee na Tarien Cooks toe. Die belangstellendes moet dan 'n mediese ondersoek ondergaan en afsprake moet gereël word.

7.7 Brande

- Brandpermitte

Tussen 31 Mei en 31 Oktober moet daar aansoek gedoen word vir 'n brandpermit voor daar enige brand beplan word. (bv. Asgat). Stuur 'n sms met die epos-adres aan Tarien Cooks wat dan die nodige dokumente sal epos. Daar is 'n vraelys wat ingevul moet word. Dit is net om jousef te beskerm.

- Voorbrande

Brandstoke moet 2.5m wyd wees. Lede het toegang tot brandtoerusting om voorbrande te brand mits die brandpermit goedgekeur is. Bestuur is onder geen verpligting om voorbrande vir 'n lid te brand nie.

7.8 Noodhulp

- Aanmelding van beserings

Alle beserings moet aangemeld word by Tarien Cooks (C1) en Ansia de Beer (C2) maak nie saak hoe gering nie. Gee soveel inligting as moontlik deur na die mediese personeel. Gee korrekte adres en padbeskrywing, heknommers indien moontlik.

7.9 Ander sake

- Artikel 21

Is in proses. Gaan hoofsaaklik daarvoor om ons eiendom te beskerm.

8. NUWE SAKE

8.1 Wysiging van die grondwet.

Wysiging van die grondwet moet gedoen word aangesien Sinoville BBV nou by die Apiesrivier BBV ingesluit is. Sal moet volgende jaarvergadering voorgelê word.

9. VOLGENDE VERGADERING

Die volgende Algemene Jaarvergadering sal gehou word 20 Junie 2015.

10. AFSLUITING

Die Voorsitter doen die volgende bedankings:

- Almal teenwoordig vir hulle bywoning.

Voorsitter: _____

Datum: _____